FA NUUS (Finansiele- en Adviseursnuus)
01 Jun 2011, p.9

Finansiële intermediasie

Die globale perspektief by WFIT

Die hoofdoel van die Wêreldraad en Uitvoerende Opleidingskomitee vergaderings by die WFIT is om tussengangers van dwarsoor die wêreld te bemagtig om huidige neigings in die tussengangerbedryf in die wêreld te bespreek, om inligting oor nasionale kwessies uit te ruil en om beleidsrigting aan die WFIT ten opsigte van huidige en toekomstige kwessies te verskaf.

By hierdie vergaderings word beleide vir die WFIT geskep en derhalwe word leiding gegee aan vele nasionale organisasies wêreldwyd betreffende die strukturering van sake van openbare belang. Die WFIT laat die ruil van inligting toe en analiseer ook kwessies wat potensiële toekomstige dryfvere vir verandering in die bedryf is.

Die WFIT

Gedurende die afgelope tyd het die WFIT se struktuur bewys dat dit doeltreffend en effektief is in die bevordering en verdediging van ons sektor se belange op 'n internasionale institusionele vlak. Die beginsels en posisies van die WFIT word by die Wêreldraadsvergaderings omskryf. Deel van die rol van die WFIT is om die Internasionale Vereniging van Verseker-ings-opsieners (IVVO) te ondersteun, te lei en sake te hersien rakende die opstel van die 26 Verseker-eringssorgbeginsels, wat die reguleerders in staat stel om volgens die riglyne wat uiteengesit is, op te tree.

Internasionale regulerende ontwikkelings

By die onlangse vergadering in Rome, het die IVVO se Sekretaris-Generaal, Catherine Lezon van Frankryk, die nuutste ontwikkelings ten opsigte van regulering aangespreek en die algemene konsensus was dat al die reguleerders graag sou wou sien dat die prosesse gestandaardiseer word.

Dit is duidelik dat die implementering van nuwe regulasies 'n daadwerklike wêreldwye uitwerking op die bedryf gehad het, wat 'n toename in die administratiewe en koste-las het. Daar word egter gehoop dat die uiteindelike uitslag 'n stap in die regte rigting van groter professionalisme sal wees.

Australië se reguleerder het onlangs aangekondig dat hulle hulle eie stel van regulatoriese eksamens sal instel, wat daarop dui dat Suid-Afrika alreeds ver gevorderd is met die implementering van regulasies en prosesse. Dit kan geïnterpreteer word dat die oorgrote meerderheid van regulasies nou in Suid-Afrika geïmplementeer is – wat goeie nuus vir tussengangers is. Die boodskap aan Suid-Afrikaanse tussengangers is duidelik: bly positief en skryf die regulatoriese eksamens – julle sal die vrug daarvan pluk!

Maar, solank as wat ons die mislukkings van instellings waarneem wat tot die nadeel van duisende pensionarisse oor die afgelope twee dekades gestrek het, sal die hele bedryf steeds onder die loep ge-neem word.

Reguleerders moet egter besef hoe belangrik dit is dat die eenvoudige dupliser-ing van regulasies van ander lande, en die blote toepassing daarvan in Suid-Afrika nie aanvaarbaar is nie. Verskillende demografieë

(Vervolg op p.11)

Justus van Pletzen, Hoof Uitvoerende Beampte van die FIA, wat Afrika by die Wêreld Federasie van Internasionale Tussengangers (WFIT) verteenwoordig, lewer verslag oor die 12de WFIT vergadering wat onlangs in Rome gehou is.